mense nie alreeds genoeg gehad het van die "'afschuwelike gebreken van de jeugd" nie.[119] Volgens die kinderverhale was bejaarde mense toonbeelde van verstandigheid en wysheid. Engelenburg het op sy oudag gemeen dat soortgelyke voorstellinge op bedrog gebaseer was. Hy het gevoel dat hy op sy oudag dwaser was as ooit tevore. Die legende dat ouer mense benydbaar was, was volgens hom oordryf en somtyds was hy lus om sy lewe te eindig as 'n skandalige dronkaard om hom te wreek op sy lang jare van jeugdige ingetoënheid.[120] Waarom bring die natuur mee dat die bestaan van 'n bejaarde man bemoeilik word deur allerhande liggaamsgebreke, terwyl die natuur gesorg het dat 'n bottel Chateau Lafite of Rüdesheim *beter* word namate dit ouer geword het. Die Franse wyn Chateau Lafite waarvan Engelenburg gepraat het, staan bekend as "The Kings Wine". In die vroeë 18de eeu het die landgoed sy wynmaaktegnieke so verfyn dat hy sy wyn aan die hoër klas van die Europese samelewing kon bemark.[121] Die Duitse wyn Rüdesheim is die oudste drinkbare wyn wat bestaan en is verkrygbaar in die stad Bremen by die beroemde Ratskelder.[122]

Engelenburg het kennis geneem dat Leyds en sy eggenote gely het onder die gure Nederlandse winterklimaat. Hy het medelye met Leyds gehad wat weens die Nederlandse koue weersomstandighede nie op straat kon gaan nie. Engelenburg het hom menigmaal afgevra wat om hemelsnaam sy voorouers, die brawe Bataviërs, beweeg het om uit hulle uitgeholde boomstamme hulle geliefde Rynvallei te verlaat om na die onherbergsame Nederlandse polders te gaan. Hy het verwys na die winterseisoene in Kanada, waar mense in hulle houthuise vir maande onder 'n meterdik sneeulaag begrawe was en die hele winter nie hulle huise verlaat het nie. Die bevolking in Nederland is egter deur hulle dokters in die straat ingejaag, in plaas daarvan om rustig in hulle gemaklike huise te bly waar geen verkoues hulle kon bedreig nie. Volgens Engelenburg was hyself "verstandig" en het soms wekelank in sy huis in Pretoria gebly, sonder om selfs in die tuin te stap om sy hond uit te laat. In buie van "misanthropie" (mensehaat)

---

119 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.

120 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.

121 Anon., "Château Lafite Rothschild" by http://en/Wikipedia.org/wiki/Chârea u_Lafite_Rothschild (geraadpleeg op 22.04.2012).

122 Anon., "Bremen Ratskeller" by http://en/Wikipedia.org/wiki/Bremen_Ratskeller (geraadpleeg op 22.04.2012).

het Engelenburg Pretoria en sy bewoners vermy en slegs per telefoon met sy vriende en met die *Volkstem*-kantoor gekommunikeer.

> Ik rebelleer tegen mijn dokter wanneer bij mij aandringt dat ik naar die *affreuse*[123] bioskopen moet gaan kijken en ... luisteren.[124]

Hy het Leyds gevra waarom hy hom teen sy sin blootgestel het aan die gevaarlike verskriklikhede van ŉ wandeling deur die winterstrate van Den Haag. Hy het Leyds beskou as ŉ slagoffer van ŉ sameswering van die Nederlandse dokters wat hulle pasiënte meedoënloos die strate ingestuur het in die hoop dat hulle doodsiek sou word en die mediese professie kon finansier.[125] Engelenburg het ook Leyds se besoek aan die suide van Frankryk genoem en het gehoop dat hy daar gevind het wat baie mense vergeefs gesoek het – ŉ menswaardige klimaat.

Engelenburg het ook geskryf dat namate hy ouer geword het, hy selde teruggedink het aan die vroeër dae.[126] Hy het menigmaal verlang na ŉ geleentheid om met Leyds oor honderde dinge te gesels, byvoorbeeld oor die werk van prof. Johan Huizinga (1872-1945), wat na wat hy gehoor het, populêr in Nederland was. Johan Huizinga was een van die groot historici van die 20e eeu in Europa en grondlegger van die Nederlandse kultuur- en mentaliteitsgeskiedenis. Hy was ook ŉ kultuurfilosoof en antropoloog.[127] Die boeke waarmee hy wêreldbekendheid verwerf het, was *Herfsttij der Middeleeuwen* in 1919, *Erasmus* in 1924 en *Homo Ludens* in 1938.[128] Engelenburg het ook duidelik sterk standpunt teen akademiese snobisme ingeneem met die mededeling aan Leyds dat

> [i]k beklaag de Nederlanders. Hun professoren zijn vandaag méér onuitstaanbaar dan ze in mijn jonge-jaren geweest zijn! Hoera voor de Tachtigers, die de natie verlosten van het toenmalige professorale schrikbewind! Ik weet dat ook U niet verliefd waart op uw professoren anno tachtig.[129]

---

123 "affreuse" – afgryslike.
124 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.
125 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.
126 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.
127 J.G. Logher, "Johan Huizinga (Groningen, 7 December 1872 – De Steeg, 1 Februari 1945)" in *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 1946, pp. 88-89.
128 J.G. Logher, "Johan Huizinga (Groningen, 7 December 1872 – De Steeg, 1 Februari 1945)" in *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 1946, p. 109.
129 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 17.02.1936.

Engelenburg het telkens wanneer hy vir Leyds geskryf het, verskoning gemaak vir sy onleesbare handskrif. Sedert sy siekte kon hy nie meer op ŉ tikmasjien werk nie en moes hy sy vriende "wanhopig maken door onleesbare brieven!"[130]

**Leyds se borsbeeld**

In 1935 het Leyds na ŉ kleiner huis in Nederland verhuis. In sy huis het altyd ŉ borsbeeld van hom, ŉ "lewensgrote kolos", gestaan. Leyds wou dit na Suid-Afrika stuur omdat hy nie meer plek daarvoor gehad het nie. Die bekende beeldhouer Fanie Eloff het in 1913 op versoek van dr. Kiewiet de Jonge die brons-borsbeeld van Leyds gemaak. Dr. De Jonge het so getalm om dit te laat giet dat Leyds dit later self laat doen en daarvoor betaal het.[131] Die gietwerk is deur die beeldhouer Toon Dupuis gedoen.[132] De Jonge het dit nooit terugbetaal nie, waarop Leyds besluit het om dit dan self te hou. Hoewel prof. S.P. Engelbrecht voorgestel het dat die borsbeeld goed sou pas in die universiteitsbiblioteek te Pretoria, wou Leyds hê dat dit in die museum in Pretoria[133] opgeneem word omdat hy ŉ groot aandeel gehad het in die stigting daarvan.[134]

Engelenburg het Leyds baie gou reggehelp oor hoe Pretoria verander en uitgebrei het sedert die dae toe Leyds nog daar gewoon het. Dit was nie meer die klein stowwerige dorp soos wat Leyds dit geken het nie, ook nie soos in 1911 toe hy die laaste keer daar was nie. Leyds het van die museum in Pretoria gepraat, die enigste een wat daar was toe hy Pretoria verlaat het. Engelenburg het aan hom geskryf dat Pretoria nou oor meer as een museum beskik het. Daar was ŉ museum wat ŉ geologiese versameling gehuisves het en sy borsbeeld sou nie daar gepas het nie. President Kruger se woning was teen 1935 as museum ingerig. Hy sou eerder ŉ foto van Leyds daar gaan ophang, asook ŉ skildery wat einde 1900 in Europa van Kruger geskilder is. Dan was daar ŉ derde museum digby die dieretuin en hy het nie gedink dat die borsbeeld tuis sou voel saam met ŉ misterieuse Egiptiese mummie nie. Hy wou nie aan Leyds voorskryf nie, maar hy wou die borsbeeld in ŉ beter plek sien as in ŉ museum te midde van ŉ rariteitsversameling.

---

130 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 21.07.1936.
131 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 16.10.1935.
132 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 02.11.1936.
133 Die museum was oorspronklik in Boomstraat en het later verskuif na die ou Munt-gebou in Visagiestraat, waar dit tans nog is.
134 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 16.10.1935.

Hy het ook nie gedink die beplande nuwe stadsaal sou daarvoor geskik wees nie. Engelenburg het geskryf dat die stadsaal se voorkant ongeveer so groot sou wees soos die koninklike paleis op die Dam in Amsterdam. Hy het aan Leyds genoem dat Pretoria talryke plekke gebied het vir plasing van 'n borsbeeld. Daar was byvoorbeeld die Delfos-borsbeeld wat by die "nieuwe stadhuis-paleis" ingewy is. Engelenburg was ook daar aanwesig. Hy het vir Leyds 'n foto gestuur van die pasvoltooide stadsaal saam met 'n koerantberig waarin melding gemaak word van die plasing van twee borsbeelde van prominente Pretorianers, een van C.J. Delfos (aan wie Pretoria sy kolossale yster- en staalfabriek te danke gehad het) en 'n borsbeeld van F. Dey ('n oudburgermeester). Die hele "Nederlander-kolonie" was teenwoordig en Engelenburg het mense ontmoet wat hy, weens sy siekte, in jare nie gesien het nie.[135] Hy het gemeen dat dit ook nie sou pas om die borsbeeld van Leyds êrens in die buitelug te plaas nie, omdat die landskap so groot en oneindig was en die lug yl sodat die borsbeeld baie klein sou lyk sonder die regte agtergrond.[136] Engelenburg het Leyds gevra om hom te vergewe vir die breedvoerige betoog, maar dat dit bedoel was sodat Leyds moes sien hoe moeilik dit was om uit Den Haag voorskrifte te gee waar die borsbeeld in Pretoria moes staan.[137] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy om gesondheidsredes bedank het uit alle kommissies en derhalwe geen aandeel meer gehad het in museum- en argiefsake nie. Hy was nie begerig om homself te belas met die verantwoordelikheid vir die plasing van die borsbeeld in Pretoria nie. Hy sou wel graag wou meewerk om dit geplaas te kry.[138]

Engelenburg het meer daaraan gedink dat die borsbeeld sou pas in een van die universiteitsgeboue. Toe Leyds in 1911 daar was, het die Universiteit van Pretoria net uit twee geboue bestaan. Teen 1935 was die universiteit taamlik uitgebrei en die borsbeeld sou goed kon inpas by daardie atmosfeer.[139]

---

135 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 06.12.1935.
136 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 02.03.1936.
137 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 14.11.1935.
138 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 14.11.1935.
139 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 14.11.1935.

Toe Leyds se borsbeeld in Suid-Afrika aankom, was Engelenburg nuuskierig om na die werk van Fanie Eloff te gaan kyk. Hy was van mening dat die beeld binnenshuis vertoon moes word en dat dit goed sou pas in die toekomstige biblioteek van die plaaslike universiteit. "... U weet dat standbeeld-vertoon in Zuidafrika niet suksesvol is."[140] Hy het aan Leyds geskryf dat hy by die Universiteit van Pretoria was. Die terrein was bedeeld met ŉ kompleks van geboue uit die periode van ná 1907. Hoofsaak van sy besoek aan die Universiteit was om Leyds se brons-borsbeeld te gaan besigtig. Hy het gemeen dat dié instansie die geskikte plek gebied het vir die beeld en honderd persent vertoonbaar was om die Uniale nageslagte te voorsien van ŉ indruk dat daar tydens die Kruger-periode ŉ dr. Leyds bestaan het met ŉ intelligente gelaat en ŉ elegante voorkoms. Die borsbeeld sou later verskuif word na die biblioteek wat later gebou sou word.[141] Die beeld is daarna jarelank uitgestal in die Merensky-biblioteek se leeskamer waar die spesiale boekeversameling gehou word. Dit is in 2014 na die Departement Visuele Kunste verskuif, waar dit saam met ander kunswerke uitgestal word.

Engelenburg wou iets oor die borsbeeld in *Die Volkstem* laat plaas en het vir Leyds ŉ foto gevra, moontlik waar hy saam met president Kruger afgeneem is. Leyds het slegs twee foto's in sy besit gehad wat saam met Kruger geneem is. Die een is geneem waar die president Leyds op die stasie te Pretoria ingewag het toe Leyds in 1896 van Europa teruggekeer het ná behandeling van sy keelaandoening. Met uitsondering van sy vrou het Kruger nooit iemand op die stasie gaan ontmoet nie, ook nie sy familielede nie. Dit was dus vir Leyds ŉ groot eer toe Kruger hom persoonlik kom afhaal en hom met sy rytuig na die president se huis geneem het. Kruger het bewoë aan Leyds vertel dat hy hom gemis en elke dag vir hom gebid het.[142]

Hoewel Engelenburg waarskynlik nooit gevra is nie, was hy die hele tyd onder die indruk dat hy ŉ toespraak sou lewer by die onthulling van die Leyds-borsbeeld. Hy het aan Leyds geskryf dat die universiteitsowerhede uiteindelik besluit het om Jan Smuts te nooi om ŉ toespraak by die geleentheid te lewer. Een van die organiseerders van die onthullingsgeleentheid, dr. S.P.

140 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 02.03.1936.
141 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 22.04.1936.
142 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 26.08.1936.

Engelbrecht, het dit sommer so terloops aan Engelenburg genoem toe hy laasgenoemde aan die begin van Oktober 1936 by sy huis besoek het. Niemand het Engelenburg oor die program ingelig nie. Hy het daaruit afgelei dat die organiseerders vanweë sy gebrekkige gesondheid onseker was of hy ŉ toespraak sou kon hou. Hulle het dalk gedink dat daar meer sekerheid was indien generaal Smuts as woordvoerder kon optree "... in plaats van de zieke Dr Engelenburg". Aangesien Engelenburg self ingesien het dat generaal Smuts die geleentheid beter sou hanteer, het hy hom nie verset teen die besluit van die organiseerders om ŉ plaasvervanger in sy plek te kry nie.[143] Hy het dr. Engelbrecht se besorgdheid verstaan, wat nie die risiko wou loop dat Engelenburg op kort kennisgewing dalk nie beskikbaar sou wees nie. In Leyds se belang was Engelenburg bereid om terug te staan. Engelenburg het verwys na ŉ toespraak wat president M.T. Steyn by ŉ vrouevergadering in Bloemfontein gelewer het en waar hy plotseling dood neergeval het.

> Stel u de sensasie voor, indien ik daar in de Universiteits-zaal plotseling naast uw buste zou bezwijken!!![144]

Engelenburg het erken dat hy die aard van sy gesondheidstoestand voortdurend onderskat het. Weens verklaarbare ydelheid het hy hom dikwels gedra asof sy gesondheid een honderd persent normaal was. Hy wou egter nie rebelleer teen dr. Engelbrecht se verstandige besluit om hom nie te gebruik nie.[145]

Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy om gesondheidsredes pertinent geweier het om aanwesig te wees by die toekenning van die eredoktorsgraad wat die Universiteit van Pretoria nie lank tevore aan hom toegeken nie. Hy het gemeen dat dit dalk die rede was waarom die Universiteit besluit het om Smuts die toespraak by die borsbeeldonthulling te laat lewer.[146] Engelenburg het besluit om ook nie die onthulling van die borsbeeld by te woon nie.[147]

---

143 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.10.1936.
144 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.10.1936.
145 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.10.1936.
146 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.10.1936.
147 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 02.11.1936.

Die graad DLitt. (Honoris Causa) wat hier bo genoem is, is in 1935 deur die Universiteit aan hom toegeken.[148] Die sertifikaat word in die Engelenburgargief in Engelenburghuis bewaar. Die Universiteit van Leiden het Engelenburg se loopbaan deur al die jare sedert hy in 1887 daar gepromoveer het, gevolg. Op 5 Julie 1937 het die senaat van die universiteit aan hom ŉ oorkonde van gelukwense aangebied vir die dag, 50 jaar tevore, waarop hy deur prof. Willem van der Vlugt (1853-1928) bevorder is tot doktor in die regsgeleerdheid. Die senaat het die wens uitgespreek dat dié dag nog lank by hom as aangename herinnering sou voortleef.[149] Engelenburg het in sy dankbrief aan die senaat van die Universiteit van Leiden geskryf dat hy ŉ lewendige en dankbare herinnering behou het van sy promotor, prof. Van der Vlugt. Engelenburg was ook dankbaar vir die invloed wat die Universiteit van Leiden op sy latere loopbaan in Suid-Afrika gehad het.

Engelenburg se neef, Nikolaas Koopmans, wat in daardie stadium al 12 jaar aan die Nederlandsche Kamer van Koophandel voor Zwitserland verbonde was, het die berig oor die 50-jarige herdenking van die verwerwing van sy graad in die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* gelees en uit Zürich ŉ brief van gelukwense aan Engelenburg gestuur. Koopmans was ouer as 75 jaar en het nog voltyds by die Kamer van Koophandel gewerk. Ofskoon die twee neefs mekaar in jare nie gesien het nie "... en slechts eene flauwe herinnering aan samenzijn in onze jeugd overgebleven is ...",[150] kon hy nie nalaat om Engelenburg met hierdie gebeurtenis geluk te wens en ŉ lang lewe in perfekte gesondheid toe te wens nie.[151] Engelenburg het in sy antwoord aan sy neef geskryf dat hy, noudat hy oud en grys was, dikwels teruggedink het aan sy kinderjare toe hulle nog in Ubbergen gewoon het. Hy kon nog onthou dat sy neef ŉ "welkome speelmakker" was. Later jare het hy by hulle in Nijmegen aan huis gekom en ook daarvan het hy aangename herinneringe behou.[152]

---

148 C.H. Rautenbach, (red.), *Ad Destinatum: gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 103.

149 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 4, Oorkonde van die senaat van die Universiteit van Leiden, 05.07.1937.

150 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 4, N. Koopmans – F.V. Engelenburg, 15.07.1937.

151 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 4, N. Koopmans – F.V. Engelenburg, 15.07.1937.

152 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 4, F.V. Engelenburg – N. Koopmans, Julie 1937.

### ***Die Volkstem* se lot**

*Die Volkstem* en Wallach's Drukkery het die depressiejare onder uiters moeilike omstandighede oorleef. Van alle kante het 'n noodkreet deur die land begin opgaan en baie het geprotesteer teen die regering se ekonomiese beleid wat soveel ellende gebring het. Nadat Tielman Roos ingegryp het, is Hertzog feitlik gedwing om sy beleid te verander en in Desember 1932 het hy aangekondig dat die Unie van Suid-Afrika die goudstandaard verlaat. Vroeg die volgende jaar het die ekonomie reeds tekens van herstel getoon. In Februarie 1933 het 'n koalisie tussen die Nasionale Party (Hertzog) en die Suid-Afrikaanse Party (Smuts) ontstaan en 'n jaar later, in Junie 1934, het die twee partye saamgesmelt en die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (kortweg die Verenigde Party) gevorm. Vir die eerste keer sedert 1912 was die meeste Afrikaners in dieselfde politieke party herenig.[153]

Die ekonomiese herstel aan die einde van 1932 het nie noodwendig beter dae vir *Die Volkstem* en Wallach's Drukkery beteken nie. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie se onderwysdepartement het hulle besuinigings op skoolmateriaal begin verslap en die bestellings het weer begin inkom. Die vermeerderde bestellings was hoofsaaklik te danke aan die feit dat die Unie van Suid-Afrika nie langer op die goudstandaard was nie, waardeur die druk van Afrikaanse boeke in Nederland te duur geword het en dit liewer weer plaaslik gedruk is. Meer maatskappye het advertensies begin plaas, met die gevolg dat dit die inkomste van die koerant verbeter het. Wat egter betreurenswaardig was, is die feit dat die Afrikaanssprekende publiek in Pretoria, sowel as dié daarbuite, verkies het om Engelse dagblaaie bo 'n Afrikaanse dagblad te lees. Daardeur het verskeie pogings om die leserstal en advertensie-inkomste verder uit te brei, skipbreuk gely. Baie lesers wat na die Nasionale Party oorgeloop het, het verkies om koerante te lees wat mondstuk van dié party was.[154]

---

153 J.H. le Roux, et al., *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd*, pp. 472-495, 620-622.

154 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Jaarverslag aan die direkteure van die Wallach's Maatskappy, opgestel deur die bestuurder, H. Orban, 15.03.1933.

Hoewel die advertensie-inkomste toegeneem het, het die afname in die leserstal van *Die Volkstem* meegebring dat die koerant finansieel steeds in ŉ afwaartse spiraal was. Die koerant kon net nie meer daarin slaag om winsgewend te wees nie en Engelenburg was te oud en swak om self iets daaraan te doen. Die koerant se sirkulasie het nie verbeter nie, met die gevolg dat die plaaslike firmas verkies het om in die groot Engelse dagblaaie te adverteer. Die bestuurder van die maatskappy, H. Orban, het in sy verslag skryf:

> Politieke vooroordeel en die beter en groter Engelse koerante van Johannesburg, wat deur die Afrikaanssprekende publiek met graagte gekoop word, is teen ons.[155]

Die masjiene in die drukkery was oor die algemeen goed, maar die onderhoudkoste het gestyg namate dit ouer geword het. Die nuwe Miehle-masjien wat aangekoop is, het goed gewerk, asook die nuwe linieermasjien. In die werkplaas, waar die stereo-mangel gewerk het, was die vloer nie sterk genoeg nie en het ŉ gedeelte van die gebou geskud as die mangel werk. By die settery het een ou Pica-setmasjien onbruikbaar geword en ŉ ander masjien, ŉ Model 1, was oud en in ŉ swak toestand. Die los letters van die smoutwerkafdeling het duidelike tekens van slytasie getoon en sou vervang moes word. Die koerante-afdeling het in tientalle jare geen nuwe letters gekry nie, terwyl die ander Afrikaanse koerante goed ingerigte setterye gehad het. Dit het toenemend moeiliker geword om die uiterlike voorkoms van *Die Volkstem* op dieselfde peil as die ander koerante te hou. Die bestuurder het aanbeveel dat, sodra die koerant meer advertensies inkry, die maatskappy óf nuwe letters aangekoop, óf ŉ Ludlow-masjien aanskaf. Die rotasiepers vir die koerant was nog in ŉ goeie toestand, maar die stereo-mangel sou vervang moes word. Wat die handelswerk betref, was die masjiene nog in ŉ goeie toestand. Die degelperse (*croppers*) was egter verouderd en kon nie meer byhou nie.[156]

In Junie 1933 is E.A. Malga, wat toe al sewe jaar by *Die Volkstem* gewerk het, tot nuusredakteur benoem. Tot nog toe het *Die Volkstem* nooit so ŉ funksionaris gehad nie, maar vir ŉ moderne nuusblad was dit ŉ vereiste. Malga se plig was om te sorg vir nuus en hy moes die nuus wat die verslaggewers versamel het, organiseer en lei. Ses maande later het Malga egter bedank. In sy

---

[155] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, H. Orban, 31.08.1932.

[156] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, H. Orban, 31.08.1932.

bedankingsbrief het hy geskryf dat die instelling van die amp van nuusredakteur die eerste en ŉ noodsaaklike stap was om die nuusdiens van *Die Volkstem* op die regte peil te bring. Volgens Malga was *Die Volkstem* ŉ goeie blad met ŉ goeie naam en ŉ lang geskiedenis. Die groot fout was egter dat die koerant nie met die tyd saam beweeg het nie en sy nuusdiens nie tred gehou het met die modernisasie van sy konkurrente nie.[157]

Malga het gemeen dat die tyd van ŉ Afrikaanse koerantmonopolie in Transvaal verby was en die ander tydgenote goed geredigeerde blaaie was. Bowendien was die tyd van Afrikaanse isolasie in die nuusbladwêreld ook verby en moes daar met die Engelse nuusblaaie gewedywer word, wat in die vervloë jare van eentalige skoolopleiding nie die geval was nie. Die konserwatisme, die agterlikheid van *Die Volkstem* (waar hy per slot van rekening sy loopbaan begin het en wat sy eerste liefde was) was iets wat hom seergemaak het. Dit was volgens hom ŉ tragedie.

Die aanstelling as nuusredakteur was ŉ stap in die regte rigting om die koerant te moderniseer en uit te brei. Tot sy spyt het die stappe wat daarop moes volg, uitgebly. Die nuusdiens het sedert Malga se aanstelling verbeter, maar nie veel nie, omdat die hulpmiddele ontbreek het. Hy het met ŉ nuusredaksie van ses persone gesit. Daarvan was een joernalis sowat die helfte van die jaar weg tydens die parlementsitting. En elkeen moes jaarliks sy verlof kry. Dit het beteken dat hy deurentyd ŉ nuusredaksie van vyf gehad het. Dit het egter nie beteken dat daar vyf persone was om die nuus te gaan haal nie. Daar was ŉ enorme hoeveelheid roetinewerk, telegramme en kabels moes vertaal word, iemand moes alle kopie nalees, hofies skryf en paginas indeel, plattelandse korrespondensie moes behartig word, briefwisseling versorg word en besoekers ontvang word, proefleeswerk moes gedoen word, ensovoorts. Dit het kortom beteken dat byna die hele personeel se dag met roetinewerk in beslag geneem is en dat Malga weinig hulp gehad het om nuus te gaan versamel. Dikwels het hy oor slegs een verslaggewer beskik. Dikwels kon hy nie verslaggewers na die een of ander nuuswaardige gebeurtenis stuur nie en altyd was daar te

157 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), E.A. Malga, Bestuurder van *Die Volkstem*, 11.01.1934.

min verslaggewers, selfs vir die voor die hand liggende gebeurtenisse.[158] Malga het sy bes gedoen, maar kon met die beskikbare hulpbronne weinig uitrig. Hy het verwys na die ander Afrikaanse dagblaaie wat ŉ redaksie van oor die twintig mense gehad het en steeds gekla het dat hulle te min was. Dit het Malga gepla dat hy, as nuusredakteur, nie ŉ beter koerant kon voortbring nie. Terwyl die publiek daarbuite nie die omstandighede geken het nie, het hy gemeen dat sy reputasie, as nuusredakteur, daarmee heengegaan het. Volgens hom was dit onmoontlik om, sonder uitbreiding van die redaksiepersoneel, van *Die Volkstem* ŉ nuusblad te maak waarmee die nuusredakteur tevrede kon wees.[159] Al die faktore het gelei tot Malga se bedanking.

*Die Volkstem* het jaar ná jaar so voortgeploeter. In die jaarverslag van 15 Maart 1934 het die bestuurder van die maatskappy, H.C. de Kock, gerapporteer dat die drukkery ernstig belemmer word deur die deurlopende gebrek aan fondse en dat sy natuurlike groei steeds gestuit word omdat daar so te sê geen werkkapitaal beskikbaar was nie. Hy het voorgestel dat, indien die bedrag wat jaarliks op die masjinerie afgeskryf word, in kontant beskikbaar gestel kon word vir die spesifieke doel om met die vooruitgang op tegniese gebied by te bly, dit in die loop van enkele jare die winste aansienlik sou verbeter en sou voorkom dat die klandisie langsamerhand na ander, beter ingerigte drukkerye oorgaan. ŉ Ander faktor was die deurlopende spanning om tydig aan finansiële verpligtinge te voldoen. Die besigheid se kapitaal was reeds voor die depressie uitgeput, en die direkteure moes toe al diverse lenings aangaan. Die rente daarop en die aflossing daarvan was ŉ groot bekommernis en soms moes by A geleen word om B te betaal. So is byvoorbeeld in 1933 by die bank geleen, ŉ paar maal by Engelenburg, by Izaak Wallach en by Nathan Levi, en moes die bestuurder self ook soms inspring deur ŉ klein lening en sy salaris meestal eers te trek wanneer hy nie meer daarsonder kon nie.[160] Engelenburg was te oud en magteloos om die koerant te red en kon slegs op ŉ afstand probeer om *Die Volkstem* aan die gang te hou.

---

[158] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), E.A. Malga, Bestuurder van *Die Volkstem*, 11.01.1934.

[159] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), E.A. Malga, nuusredakteur van *Die Volkstem*, 11.01.1934.

[160] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuursverslag aan die direkteure, 15.03.1934.

De Kock het in Desember 1934 weer aan die direkteure verslag gedoen oor die stand van die maatskappy. Die geleende geld het met ongeveer £2 500 verminder. Hoewel die drukkery gereeld ŉ goeie omset gehad het, was hy bekommerd omdat die dagblad steeds agteruitgegaan het. Dit was as gevolg van te min advertensies wat veroorsaak is deur die klein sirkulasie wat die koerant gehad het. Die verkope was vir jare in die hande van die Central News Agency (CNA), maar het steeds agteruitgegaan. Die bestuurder van die CNA is meermale gevra om te probeer om die verkope te verbeter, dog sonder enige resultaat. Die kontrak met die CNA is daarna opgesê en van 1 Julie 1934 af het *Die Volkstem* self die verkope behartig en intekenare gewerf. De Kock het gemeen dat die blad om verskillende redes nie gewild was nie.[161]

Behalwe die politieke vooroordeel het die beperkte nuusdiens, geringe aantal bladsye en ander probleme die dagblad ongunstig laat afsteek teen die Johannesburgse koerante en 4/6 per maand is deur die meeste mense as ŉ te hoë intekenprys beskou. Al wat toe gedoen kon word, was om die intekenprys tot 2/6 per maand te verlaag en aan huis af te lewer. Die Afrikaanssprekendes in Pretoria is almal stelselmatig persoonlik besoek en proefnommers is gestuur, met die gevolg dat daar teen die einde van 1934 byna 300 intekenare in Pretoria was, waar die CNA by afloop van die kontrak nog slegs 30 gehad het. Met die verlaagde intekenprys, die rondstuur van kolporteurs,[162] afleweringskoste, ensovoorts, was dit nog geensins ŉ betalende saak nie, maar daar kon nie verwag word dat die plaaslike besighede sou adverteer voordat die leserskring weer uitgebrei het nie. Daarom sou daar voortgegaan moes word om lesers te werf. Die halfweeklikse intekenaars het ook nie toegeneem nie. ŉ Paar maal is pogings aangewend om deur proefnommers en sirkulêre nuwe lesers te werf, maar die resultaat was onbeduidend. ŉ Stelselmatige rondreis in Transvaal en die Noord-Vrystaat na plekke waar byeenkomste van Afrikaanssprekendes gehou is, sou die enigste manier wees om ŉ verbetering te bring, maar die koste daaraan verbonde was buite die geldelike vermoë van die maatskappy. De Kock het gemeen dat die verbeterde politieke gees wat in 1934 geheers het, die aangewese tyd was om alles in die stryd te werp om die voortbestaan van *Die Volkstem* te verseker. Te lang uitstel sou

---

161 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, 11.12.1934.

162 Rondreisende boekhandelaars.

die mededingers weer die voorsprong gee. Daar was egter kapitaal nodig om *Die Volkstem* terug te bring na die posisie van die vernaamste Afrikaanse blad in Transvaal.[163]

Teen Maart 1936 was die personeel van die koerant se salarisse hopeloos te laag vergeleke met wat die werkers by die ander koerante verdien het. Die gevolg was dat ŉ hele paar goeie personeellede deur die ander koerante weggerokkel is. Op 11 Maart 1936 het dit vir De Kock[164] te veel geword en het hy aan Louis Esselen, voorsitter van die *Volkstem*-direksie, geskryf oor die ernstige toestand wat by die koerant geheers het, naamlik dat die redaksie in gevaar was omdat die lede aanloklike betrekkings deur ander blaaie aangebied word. Volgens De Kock het dit

> ... onder joernaliste al ŉ spreekwoord geword dat "Die Volkstem" net mense touwys maak vir ander koerante om hulle dan te gebruik.[165]

Dit was vir De Kock swaar om te weet dat Malga, wat feitlik sy eerste joernalistieke lesse by hom gehad het, ŉ salaris by *Die Burger* ontvang het wat syne ver oortref het. De Kock het vasgestel dat die ander koerante byna dubbel soveel vir eweknieposte betaal het. Bowendien het die gerugte wat oor *Die Volkstem* versprei is, behels dat die koerant besig was om bankrot te speel. Almal het by De Kock kom navraag doen of dit waar was en of hulle ander werk moes soek. De Kock het die direkteure gemaan om die salarisse te hersien, want as dit nie spoedig gebeur nie, sou die koerant nog meer mense verloor. Dié wat getrou aan die koerant gebly het toe dit sleg gegaan het en daar op die salarisse besnoei moes word, sou graag erkenning vir daardie getrouheid wou sien. Terwyl die land floreer het en ander joernaliste hoë salarisse betaal is, het die redaksie van *Die Volkstem* in ŉ swakker geldelike posisie gestaan as voor die depressie. Die personeel was klein en almal het met verdubbelde ywer gewerk, maar hulle het moedeloos geraak. De Kock het ŉ pleidooi gerig dat middele gevind word om die koerant van ondergang te red. Hy het gepleit in die belang van die Suid-Afrikaanse Party en veral van dié seksie wat nog al die jare getroue ondersteuners van generaal Smuts was:

---

163 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, 11.12.1934.

164 Hubertus C. de Kock het in die redaksie van *Die Volkstem* gedien en was van 1942 tot 1950 hoofredakteur. Van 1950 tot 1958 was hy lid van die Volksraad vir Pretoria-Oos en van 1958 tot 1966 Pretoria-Rissik.

165 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), H.C. de Kock – L. Esselen, 11.03.1936.

> "Die Volkstem" mag nie ondergaan nie. Hy het ʼn spesiale roeping en ʼn spesiale plig teenoor die volk te vervul.

De Kock het gemeen dat geen ander blad daardie roeping kon vervul soos *Die Volkstem* dit kon doen nie. As die oudste Afrikaanse blad in Suid-Afrika het hy ʼn prestige en ʼn gesag gehad wat ander hom gedurig beny het en ʼn tradisie wat bestendig moes word. Dit het van die blad ʼn magtige middel gemaak wat vir enige doel gebruik kon word vir gebeurlikhede wat nog in die toekoms gelê het.[166]

De Kock het probeer lewe blaas in ʼn koerant wat duidelik nie meer die belangrikste koerant in Transvaal was nie. Ná Engelenburg se uittrede in 1924 het die koerant agteruitgegaan en sou dit nooit weer die vernaamste blad met die grootste sirkulasie wees nie. Dit sou ook nooit weer as ʼn winsgewende organisasie funksioneer nie. Engelenburg en Izaak Wallach was teen 1936 oud en sieklik en het nie meer die krag gehad om iets aan die saak te doen nie. Terwyl *Die Volkstem* in ʼn oorlewingstryd gewikkel was, het die drukkerygedeelte van die maatskappy floreer, hoofsaaklik as gevolg van nuwe masjiene wat aangekoop is, onder andere twee setmasjiene en een groot drukmasjien. Soveel werk het gedurende daardie jaar ingekom dat die maatskappy verplig was om ander drukkers in die stad se hulp in te roep sodat sekere belangrike werk betyds gelewer kon word.[167] Die gebou waarin die drukkery en die koerant bedryf is, het teen 1937 lankal nie meer aan die vereistes van die fabrieksinspekteur voldoen nie. Vir 10 tot 15 jaar al het die inspekteur op verbeteringe aangedring, maar weens die swak ekonomiese toestande het hy dit telkens oorgesien. Teen 1937 was hy nie meer toegewend nie en ná groot moeite kon die maatskappy daarin slaag om die gebou ingevolge die Fabriekswet geregistreer te kry.[168]

Van 1929 tot 1942, dit wil sê tot vier jaar ná Engelenburg se dood in 1938, het mnr. C.S. Coetzee eers as plaasvervangende redakteur en later as redakteur van *Die Volkstem* opgetree, waarna hy onder meer as Suid-Afrikaanse persbeampte in Londen gaan werk het. H.C. de Kock het Coetzee opgevolg en tydens sy redakteurskap het die Tweede Wêreldoorlog in 1945 ten einde geloop en

[166] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), H.C. de Kock – L. Esselen, 11.03.1936.
[167] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, 1936.
[168] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag, 1937.




Illustrasie 114: 18 November 1953. *Die Volkstem*-koerant het reeds ophou bestaan, maar die drukkery het voortgegaan. Die drukkery het kort ná die neem van die foto by ’n adres in Paul Krugerstraat voortgegaan. Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 653.

het *Die Volkstem* in die naoorlogse tydperk beland. *Die Volkstem* kon moeilik daarin slaag om sy deure oop te hou.[169]

Piet Cillié, hoofredakteur van *Die Burger*, het op 29 Junie 1950 in sy hoofartikel tot die slotsom gekom dat *Die Volkstem* aan die einde van ŉ pad gekom het wat hom al verder weggevoer het van sy oorspronklike kragbron, "... die hart van die Afrikanervolk".[170] *Die Volkstem* het, soos die Suid-Afrikaanse Party, koud en later vyandig gestaan teenoor die Afrikaans-nasionale beweging. Die vriende van Afrikaans het hom gelos ten gunste van ander Afrikaanse koerante en die vriende van sy politiek het hom gelos ten gunste van die Engelse pers, waar hulle dieselfde koudheid en vyandigheid teenoor die Afrikaanse beweging kon vind, maar in ŉ meer bevredigende koeranttegniek.[171] Cillié het gemeen dat daar ŉ "dieper dood" was as die formele heengaan van *Die Volkstem*, wat weinig invloed meer gehad het. Die koerant het eens ŉ roemryke naam in die Afrikaanse joernalistiek gedra. Hy was die oudste Nederlands-Afrikaanse dagblad in die land, die blad van die republikeinse vryheidstryd en die Het Volk-party, die forum van redakteurs soos Engelenburg en Preller en die kweekplek van veel joernalistieke talent vir die Afrikaanse pers. Vir ŉ groot deel van sy vroeëre loopbaan was hy ŉ volkskoerant van gewig en invloed. Vir ŉ sekere soort politieke eenheid in Suid-Afrika – "konsiliasie", soos dit indertyd geheet het – was hy en sy politieke leiers bereid om dit op te offer wat uiteindelik geblyk het hul Afrikaanse lewe self te wees.[172] Dieselfde lot wat *Ons Land* in Kaapstad in 1932 getref het, het *Die Volkstem* getref, en op 31 Maart 1951, dertien jaar ná Engelenburg se dood, het die *Volkstem*-koerant finaal sy deure gesluit. P.J. Nienaber het tot die slotsom gekom dat *Die Volkstem*, net soos *Ons Land*, die orgaan was van die Suid-Afrikaanse Party en albei ondergegaan het omdat hulle nie meer die mondstuk van die volk was nie, maar van ŉ politieke party, ŉ party wat nie die Afrikanerdom verteenwoordig het nie.[173]

---

169 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Finansiële state van 1945 van *Die Volkstem*.

170 P. Cillié, "Twee dagblaaie sterf", *Die Burger*, 29.06.1950.

171 P. Cillié, "Twee dagblaaie sterf", *Die Burger*, 29.06.1950. Sien ook J.C. Steyn, *Penvegter. Piet Cillié van 'Die Burger'*, p. 88.

172 P. Cillié, "Twee dagblaaie sterf" *Die Burger*, 29.06.1950.

173 P.J. Nienaber, *ŉ Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 28.

Die voorsitters van die raad van direkteure van die Wallach's Drukkers en Uitgewers Maatskappy Beperk, was sedert 1905, dus vanaf die stigting daarvan, agtereenvolgens F.V. Engelenburg, I. Wallach, L. Esselen, J.H. Hofmeyr, W.R.F. Teichmann en F.J.C. Cronjé.[174]

**Engelenburg sterf**

In Februarie 1938 het Engelenburg weer ŉ ligte beroerte-aanval gekry, wat hom ŉ finale terugslag gegee het. Engelenburg het nog ses maande daarna geleef. Kort voor sy dood het Markus Viljoen hom vir die laaste maal besoek. Hy was toe baie swak, kon hom nie meer skeer nie en het met sy lang, wit baard ŉ eerbiedwaardige voorkoms gehad. Toe Viljoen sy vrou aan Engelenburg voorstel, het daar ŉ glinstering in die dowwe oë verskyn, het hy ŉ diep buiging gemaak, haar hand gesoen en geprewel: "Mevrouw, uw dienaar!" Vir Viljoen was dit soos ŉ prentjie uit ŉ roman van die vorige eeu.[175] Op Sondag 21 Augustus 1938, in die vroeë oggend, het hy ŉ laaste beroerte-aanval gekry en in sy slaap gesterf. Engelenburg was 75 jaar en 5 maande oud. Mev. L.G. Liesching was ten tyde van sy dood as verpleegster teenwoordig en sy het die sterfkennis ingevul en onderteken. Volgens Leipoldt was sy einde soos hy sou gewens het – ŉ sagte heengaan ná ŉ gesellige samekoms met vriende. Hy het die aand gaan slaap en die volgende môre het hulle hom dood aangetref.[176]

In Januarie 1939 het die hooggeregshof ŉ brief aan die eksekuteurs van die boedel geskryf waarin ŉ meer volledige sterfkennis aangevra is aangesien die een in sy besit in verskeie opsigte onvolledig was. ŉ Tweede, meer volledige een is op 14 Januarie 1939 deur Izaak Wallach, Engelenburg se jarelange kollega en vriend, ingevul en onderteken.[177]

In die sterfbrief word melding gemaak dat die oorsaak van sy dood, *arterio sclerosis myocardial degeneration* was en dat sy siekte verskeie jare geduur het. Die geneesheer wat hom behandel

---

174 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy.), Bpk. 1873-1960*, p. 45.

175 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, p. 28.

176 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg – knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

177 NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 2906/38, boedellêer van F.V. Engelenburg.

het, was dr. A.D. Sanders. Engelenburg is twee dae ná sy dood, op 23 Augustus, in Pretoria in die Rebeccastraat-begraafplaas in dieselfde graf as sy vrou, Lorraine, begrawe. Die begrafnisondernemers was Grobbelaar en Seuns, wat ná die begrafnis ŉ eis van £45 teen die boedel ingestel het vir hulle onkoste. Die grafsteen is ontwerp en gemaak deur W.R. Barker (Pty) Ltd. teen ŉ koste van £3.[178] By die teraardebestelling was daar op Engelenburg se kis ŉ groot kruis van vars viooltjies uit die tuin van Het Witte Huis, gemaak deur mev. Liesching – ŉ laaste huldeblyk van die mense wat in sy diens was.[179]

Oor sy dood het H.C. de Kock, ŉ kollega en vriend van Engelenburg, op 3 September 1938 aan prof. J.J. Smith van Stellenbosch geskryf dat Engelenburg in sy slaap oorlede is en dat daar geen teken van ongemak was nie. Die bedlakens was selfs onversteurd. De Kock het gemeen dat die testament vir baie ŉ verrassing was en vir heelparty ŉ teleurstelling, ook vir sekere inrigtings. Engelenburg het die huis aan die staat bemaak en van die skilderye aan die kunsmuseum in Johannesburg. ŉ Kroonkandelaar wat vroeër die eiendom van Rijk Tulbach was, moes weer in die Kasteel in Kaapstad teregkom, mits die maat daarvan wat in die ou Raadsaal gehang het, ook sy regmatige plek in die Kasteel sou kry. Die res van die boedel het hy aan die kinders van twee van sy broers nagelaat.

> Van die versameling oudhede ens. geen woord nie, nog minder van die boekery – pornografie inkluis!

Die Universiteit van Pretoria het gehoop om die boeke te ontvang. De Kock het ook geskryf dat die teleurgesteldes gepraat het van ŉ kodisil wat maar net nie te voorskyn wou kom nie. Die testament was gedateer 1932 en dit was volgens De Kock bekend dat Engelenburg sy prokureur ongeveer in 1936 laat kom het om ŉ verklaring uit te reik dat hy by sy volle positiewe was toe hy die testament in 1932 laat opstel het. De Kock het die situasie soos volg opgesom: Dié wat niks verwag het nie, het gelag. Die wat wel verwag het, het na ŉ kodisil gesoek, en ander wat geweet het dat hulle in onguns by Engelenburg was, het gereken dat terwyl hulle niks gekry het nie, dit beter was dat dit na die familie gegaan het, "... want dan kry vyand X of Z mos ook nie". De

---

178 NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 2906/38, boedellêer van F.V. Engelenburg.
179 R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 26.

Kock het gereken dat die hele boedel tussen £40 000 en £50 000 altesaam werd was.[180] In Engelenburg se laaste testament, opgestel op 22 Februarie 1932, is die eiendom met die huis aan die Unie-regering bemaak uit "... dankbaarheid vir wat Suidafrika vir mij gewees't".[181] Huldeblyke het ná Engelenburg se dood nie uitgebly nie en die volgende is onder andere oor hom geskryf:

Die historikus Jan Ploeger en H. Orban, wat in die redaksie van *Die Volkstem* gedien het:

> Sowel deur tydgenote as die nageslag is dr. Engelenburg se betekenis vir die ontwikkeling van die koerantwese in ons land hooggeskat.[182]

Die joernalis H.P.H. Behrens:

> For almost four decades he dominated the journalistic scene in Pretoria and brought his paper to a standard of journalistic and technical perfection as a result of which it made its influence felt far beyond the borders of the Transvaal.[183]

In *Die Huisgenoot* van 27 Mei 1960 het 'n portret van Engelenburg verskyn met die onderskrif:

> Een van die belangrikste Afrikaanse figure in kulturele en joernalistieke kringe in hierdie tydperk was dr. F.V. Engelenburg, redakteur van "De Volksstem".[184]

Volgens Louis Leipoldt was dit nie net sy taalgevoel wat Engelenburg so 'n goeie beoordelaar van letterkundige werk gemaak het nie, maar ook sy kennis van wêreldletterkunde en sy fyn kunssmaak. Leipoldt was, met betrekking tot sy letterkundige werk, baie aan Engelenburg verskuldig vir sy leiding en kritiek. Dit was altyd konstruktiewe kritiek, soms verpletterend in die begin, maar op die ou end opbouend en aanmoedigend. Leipoldt het geskryf dat Engelenburg deur middel van *Die Volkstem* die voortou in die volgende belangrike landsvraagstukke geneem het: buitelandse verteenwoordiging as selfstandige staat; erkenning van Afrikaans as derde

---

180 JSGBD, US, J.J. Smithversameling, 333.KD11, H.C. de Kock – J.J. Smith, 03.09.1938.
181 NASA, Pretoria, TAB, MHG, 2906/38, Testament van F.V. Engelenburg.
182 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallach's Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 13.
183 H.P.H. Behrens, *The Pretoria Press Story 1855-1955*, pp. 14-15.
184 *Die Huisgenoot,* Vierde spesiale Uniefeesuitgawe, 27 Mei 1960, Portret van F.V. Engelenburg.





Illustrasie 115: Graf no. B2964. Frans en Lorraine Engelenburg se graf, Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria. Interessant is dat al die grafte in die begraafplaas in ’n westelike rigting lê, maar Engelenburg en Lorraine se graf in ’n noordelike rigting.
Foto: Linda Brink, Oktober 1910.



Graf voor dit in 2011 gerestoureer is.



Die graf is in 2011 op versoek van die skrywer deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gerestoureer.




Illustrasie 116: Die erfgename van Engelenburg se boedel was onder andere, die kinders van Engelenburg se broer Kees.
Agter: Willem en Anna Maria Dorothea Emily (ook Mieke of Marie genoem)
Voor: Frans Willem Mari Pietro,. Bron: Foto-versameling van Els-de Krijger-Engelenburg.
Bron: Fotoversameling van Els de Krijger-Engelenburg.



Illustrasie 117: Erfgenaam van Engelenburg se boedel. Hedwig Christine Vredenrijk Van Son-Engelenburg, oudste dogter van Frits Vredenrijk Engelenburg. Foto: Linda Brink, 20.10.2007 te Den Haag.



Illustrasie 118: Erfgenaam van Engelenburg se boedel. Maria Mathilde Vredenrijk Engelenburg (1920-1950), jongste dogter van Frits Vredenrijk Engelenburg. Maria is in 1950 op 30-jarige ouderdom in 'n motorongeluk oorlede. Bron: Fotoversameling van Hedwig van Son-Engelenburg, Den Haag.

amptelike landstaal naas Engels en Nederlands; hulp by die aanstelling van ŉ gebore Afrikaner as goewerneur-generaal; die instel van ŉ eg Afrikaanse "inboorlingbeleid"; die daarstel van ŉ eie landsvlag; en huistaal as medium van onderwys. Tot sy dood het Engelenburg, in stryd met almal, die aanneem van die ou Transvaalse volkslied as die Uniale volkslied voorgestaan, waarvan hy die woorde en die wysie ver bo dié van die ander voorgestelde liedere vir die doel gereken het.[185]

H.C. de Kock het in ŉ huldeblyk geskryf dat Engelenburg se redakteurskap gekenmerk is deur ŉ geleerde taal, ŉ sterk sin vir realisme en hoogstaande billikheid, wat spoedig vir hom erkenning verwerf het onder sy joernalistieke kollegas in Suid-Afrika. Engelenburg het die vermoë gehad om ŉ saak kragtig en kernagtig, maar treffend, neer te pen. Sy fyn sarkasme was ŉ sterk middel in sy hande, en sy ironie was nooit kwetsend nie – daarvoor was hy te hoflik, te verdraagsaam. Sy hoogs ontwikkelde sin vir humor was onmiskenbaar. Hy het ŉ Nederlands geskryf wat min van sy landgenote hom kon nadoen en toe hy na Afrikaans oorslaan, het hy die wêreld verbaas dat hy as gebore Nederlander die taal so volkome bemeester het. Hy het oor ŉ enorme woordeskat beskik en sy voorliefde vir ongebruikte woorde was bekend – dit is juis daardeur dat hy skriftelike Afrikaans verryk het. As koerantman het hy ŉ oog en ŉ oor vir alle sake gehad. Geen omstandigheid – polities, maatskaplik of kultureel – het sy arendsoë gemis nie. Engelenburg was nooit tevrede voordat hy ŉ saak tot in die fynste besonderhede uitgepluis het en alle moontlike ontwikkeling of verwikkeling oorweeg het nie. Volgens De Kock was Engelenburg in die eerste plek joernalis, al was hy in die regte opgelei. As joernalis het hy ŉ uitsonderlike plek in Suid-Afrika beklee. Hy het inderdaad aan die nie-Engelse pers van Suid-Afrika ŉ nuwe betekenis gegee. Hy het onbewus ŉ kode ingestel wat lank as rigsnoer vir die Nederlands-Afrikaanse joernalistiek gedien het.[186]

---

185 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg – knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha in *Die Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

186 H.C. de Kock, "Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938)" in *Jaarboek XIII* van Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, 1938-1939, pp. 117-118.

Volgens Markus Viljoen was Engelenburg die enigste welgestelde joernalis wat hy ooit geken het. Sy rykdom is nie verkry uit sy beroep nie, maar is verkry uit erflatings.[187] Hy het in 1916 van sy ryk tante, Anna Koopmans, van Rotterdam geërf[188] en in 1920 van sy vader.[189] Viljoen het gemeen dat Engelenburg tot die end van sy lewe ŉ vreemdeling in Suid-Afrika gebly het met die lewensuitkyk van die Europeër.[190] Afrikaans het hy nooit ten volle aangeleer nie, hoewel hy teen die end van sy loopbaan Afrikaans probeer skryf het.[191] Sy kennis was omvangryk en hy kon ŉ skitterende hoofartikel oor haas enige onderwerp skryf. Hy was ŉ regsgeleerde, maar daarnaas ook ŉ knap estetikus. Op die gebied van die kuns, lettere en wysbegeerte was hy ŉ kenner.[192]

Onmiddellik na Engelenburg se dood het die bank al Wallach's-maatskappy se rekeninge gesluit en moes die bestuurder van *Die Volkstem*, toe nog H. Orban, ŉ nuwe rekening open. Die dood van Engelenburg het nog ander gevolge gehad, naamlik dat die maatskappy £2 500 aan die boedel verskuldig was. Afbetaling daarvan sou moes geskied omdat die maatskappy nie oor die nodige fondse beskik het om dit eenmalig te betaal nie. Verder het Engelenburg 1 875 aandele in die maatskappy besit en die direksie sou dit moes inkoop teen ŉ gewaardeerde prys.[193]

Izaak Wallach het vir ŉ tydperk in Engelenburg se huis bly woon. Ná die begrafnis was Louis Esselen vir ŉ paar weke uitstedig om te rus, en toe hy by *Die Volkstem* in Pretoria terug was, het Orban hom gevra om Izaak Wallach te gaan besoek. Wallach was al ŉ paar weke lank siek en taamlik neerslagtig ná die dood van sy lewenslange vriend.[194]

---

187 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, pp. 27-28.

188 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 25, F.V. Engelenburg – J.P. van Wijngaarden, 21.06.1916.

189 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrif van die testament van F.V.T. Engelenburg.

190 Engelenburg kon nooit sy Europese wortels afskud nie en het deur gereelde kontak met Europa sy bande met dié lande behou.

191 Sy Afrikaans was nooit vlot nie en sy Nederlandse aksent wanneer hy gepraat het, het hy behou.

192 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, pp. 27-28.

193 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), H. Orban – L. Esselen, 17.10.1938.

194 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Geskrewe nota onderaan ŉ brief wat Orban aan Louis Esselen geskryf het, 17.10. 1938.

Deur die beywering van goewerneur-generaal E.G. Jansen het die eksekuteurs van die boedel, Izaak Wallach en die hoofbestuurder van die Nederlandsche Bank, mnr. J.P. Kakebeeke, ŉ versoek tot die Unie-regering gerig om die waardevolle inhoud van die woning teen ŉ baie redelike bedrag van die boedel aan te koop, op voorwaarde dat dit in die woning bewaar word en alles as ŉ openbare museum onder bestuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letteren en Kuns (vandag die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns) geplaas word. Die koste van die instandhouding en uitstal van die versameling sou vir die rekening van die staat wees. Hiertoe het die regering ingestem. Die inhoud van die huis was in daardie stadium reeds bekend as private versameling van antikwariese meubels, porselein- en glaswerk, beeldhouwerk, skilderye en tapisserieë en allerweë is gevoel dat dit behou moes word. Daar is toe al besef dat die museum beskou kon word as ŉ parallel met die Koopmans-De Wet-museum in Kaapstad en enig in sy soort in die noorde van die land was. Die huis en voorwerpe vorm ŉ ondeelbare eenheid. Die karakter van albei is verweef met mekaar, net soos in die geval van die Koopmans-De Wet-museum. Die huis sou aan die Akademie, as die hoogste Afrikaanse kultuurliggaam, ŉ waardige setel verleen. Raadsvergaderings het daar plaasgevind, asook kleinere ontvangste vir belangrike besoekers, binne- sowel as buitelands. Die aanwesigheid van die Akademiesekretariaat in die gebou het ook beteken dat daar gedurig ŉ sorgsame en wakende oog oor die gebou en versameling gehou kon word.[195]

**Samevatting**

Die oorlewingstryd van *Die Volkstem* sedert 1925 en Engelenburg se vrou se siekte en haar dood in 1932 het veroorsaak dat sy gesondheid geleidelik agteruit gegaan het en kort ná Lorraine se dood het hy geknak. Engelenburg het nooit ná sy eerste beroerte-aanval volkome herstel nie en het hom aan die openbare lewe onttrek. Die drie hoofredes vir die agteruitgang van die koerant was eerstens die Nasionale Party, wat in 1924 die Suid-Afrikaanse Party, waarvan *Die Volkstem* ŉ mondstuk was, by die stembus verslaan het. Heelwat van die SAP-ondersteuners het na die Nasionale Party oorgeloop. Tweedens was dit ŉ swak besluit om Gustav Preller as hoofredakteur

[195] H.C. de Kock, “Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938)” in *Jaarboek XIII* van Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, 1938-1939, pp. 117-118.

van die koerant en Charles Wallach as bestuurder van die drukkery aan te stel. Derdens het die wêreldwye ekonomiese depressie meegebring dat adverteerders in die koerant drasties afgeneem het, met die gevolglike verminderde advertensie-inkomste. Engelenburg en Izaak Wallach het 'n paar keer probeer om die meerderheidsaandele van *De Volkstem* wat deur generaal Smuts gehou is, van hom te koop, maar sonder sukses. Indien hulle weer beheer oor die koerant kon verkry, sou hulle waarskynlik die beleid van die koerant kon wysig om meer tot die leserspubliek te spreek. Dit het egter nie gebeur nie, met die gevolg dat die koerant al hoe verder van die lesers se behoeftes af beweeg het. Met Engelenburg se dood in 1938 het die situasie by die koerant verder versleg, wat uiteindelik gelei het tot die sluiting van die koerant in 1951.

# Gevolgtrekking

Hierdie studie is onderneem om die geskiedenis van ŉ histories belangrike figuur in die ZAR-tydperk en eerste deel van die twintigste eeu te beskryf. Omdat weinig bekend is oor die lewe van dr. Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938), is dié studie onderneem om sy plek in die geskiedenis te beskryf en as 't ware aan hom gestalte te gee. Hy was ŉ invloedryke figuur in ŉ sleuteltydperk van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) aan die einde van die negentiende eeu en die wording van die Unie van Suid-Afrika in die vroeë twintigste eeu. Engelenburg se bydrae op talle terreine in die geskiedenis van Suid-Afrika is nooit volledig opgeteken nie, met die gevolg dat hy ná sy dood ŉ randfiguur geword het. Binne die middele tot my beskikking het ek my dit ten doel gestel om nuwe kennis oor ŉ haas onbekende, maar belangrike, geskiedkundige figuur te dokumenteer en aan die lig te bring. Die studie is binne die raamwerk van ŉ biografie onderneem.

Engelenburg het in 1889 uit Nederland in Pretoria aangekom. Persoonlike faktore het gelei tot sy besluit om te emigreer. Die egskeiding van sy ouers het sy beroepslewe in Nederland direk geraak. Ná ŉ jaar in die regsberoep in ŉ relatief vreemde stad, Den Haag, waar niemand hom geken het nie, het hy hom tot die joernalistiek gewend en as joernalis by die *Dagblad van Zuid-Holland en 's-Gravenhage* begin werk. Hy was ook korrespondent vir *De Volksstem* in Pretoria. In Nederland wou hy nie jarelank ŉ ondergeskikte rol in die koerantwese speel nie. Sy geleentheid om ŉ topposisie in die joernalistiek te beklee, het gekom toe die hoofredakteur van *De Volksstem* skielik in Mei 1889 oorlede is. Dit was dan ook nie lank nadat hy in Pretoria aangekom het nie dat die pos van hoofredakteur hom aangebied is. ŉ Tweede faktor wat sy besluit om na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) te kom waarskynlik beïnvloed het, was die ontdekking kort tevore van die Witwatersrandse goudvelde. Die ZAR het sedert die vroeë 1880's die potensiaal gehad om van ŉ ekonomies onontwikkelde en arm land tot ŉ relatief ryk land te ontwikkel. Engelenburg het dit beskou as ŉ geleentheid om ekonomies onafhanklik te word.

*De Volksstem* was van sy ontstaan in 1873 af die mondstuk van president T.F. Burgers. Nadat Paul Kruger in 1884 president van die land geword het, was die blad krities teenoor die Kruger-regering. Dit was die geval tot 1889, toe Engelenburg hoofredakteur van die koerant geword het. Engelenburg het reeds in sy skooljare in Nederland ŉ bewondering vir Kruger gekoester en vandat hy die hoofredakteur van *De Volksstem* geword het, het die koerant ŉ beleidsverandering ondergaan. By die aanvaarding van sy betrekking by *De Volksstem* het Engelenburg uitdruklik beding dat hy in die redaksionele leiding van die koerant volkome vry en onafhanklik sou wees.

Een van die doelstellings van hierdie studie was om vas te stel hoe Engelenburg as Nederlandse immigrant in Suid-Afrika aangepas en as politieke kommentator ontluik het. Dit was ook noodsaaklik om aan te stip hoe hy as multidimensionele mens sy idees aan die gemeenskap oorgedra het. Engelenburg was ŉ denker wat krities gekyk het na hoe die land bestuur word en het soms negatiewe kommentaar in die koerant gelewer. As gevolg van sy uitgesprokenheid het hy voortdurend gevrees dat die aandeelhouers van *De Volksstem* van hom ontslae sou raak. Sy grootste versugting was om die eienaar van *De Volksstem* te word, want dan kon hy skryf hoe en wat hy wou sonder die vrees om afgedank te word. Deur middel van die joernalistiek het hy gou bekend geword as ŉ politieke kommentator en meningsvormer. Die sake waarop hy die meeste kritiek gelewer het, maar wat hy ook beskou het as die belangrikste komponente van ekonomiese vooruitgang, was op die gebied van die onderwys, die landbou en die ontwikkeling van ŉ spoorwegstelsel. Hoewel Engelenburg soms negatief teenoor Kruger en die Volksraad se hantering van regeringsake gestaan het, het hy hom genoodsaak gevoel om tydens verkiesingsveldtogte positiewe verslae in die koerant te skryf om stemme vir Kruger te werf. Sy koerant was immers die mondstuk vir die Kruger-regering en boonop het hy in Kruger se verkiesingskomitee gedien. Hy was ook onder ŉ verpligting om vir die regering in die bresse te tree omdat *De Volksstem* een van die min koerante was wat uitgesonder is om teen vergoeding regeringskennisgewings te plaas. Engelenburg se betrokkenheid as lid van president Kruger se verkiesingskomitee tydens die presidentsverkiesing van 1893 het hom by die opposisiepers ongewild gemaak. Hy het byvoorbeeld gereeld swaarde gekruis met Eugène Marais, redakteur van die opposisie se *Land en Volk*.

Hoewel nie ŉ gereelde kerkganger nie, het Engelenburg meegehelp om die kerktwiste tot ŉ einde te laat kom. Hy het die strydende partye telkens tot verantwoording probeer roep. Hoewel dit hom verdere kritiek op die hals gehaal het, was dit vir hom belangrik om dit beëindig te kry. Hy was van mening dat die getwis die gemeenskap en ook die regering verswak het en daartoe kon lei dat ŉ vreemde moondheid die land oorneem. Die twiste het taamlik baie aandag geniet in die hoofartikels wat Engelenburg in daardie jare vir *De Volksstem* geskryf het.

In die ZAR het Engelenburg in aanraking gekom met verskillende persoonlikhede, groepe en kultuurelemente waarby hy hom moes aanpas. Die oppervlakkige verhoudinge wat hy aan die begin met die Boeregemeenskap opgebou het, was daarop gemik om hulle beter te verstaan, maar ook om hulle steun te werf om op sy koerant in te teken, eerder as wat hy ware vriendskappe met hulle wou smee. Die ware vriendskappe wat hy in die beginjare in Transvaal gesmee het, was met Nederlandse persoonlikhede, byvoorbeeld dr. W.J. Leyds en G.A.A. Middelberg. Aanvanklik het Engelenburg sy Nederlandse identiteit probeer behou deur voorkeur te gee aan die bevordering van die Nederlandse taal ten koste van Afrikaans. Wanneer hy sosiaal verkeer het, het hy sy eie landgenote opgesoek. Eers ná 13 jaar in die land het sy intieme vriendekring Nederlanders sowel as Afrikaners ingesluit. In 1895 het Engelenburg burgerskap van die ZAR verkry en die eienaar van *De Volksstem* geword. Hy het homself begin beskryf as ŉ Afrikaner, hoewel hy toe nog nie vriendskappe met die Afrikaners gesmee het nie.

ŉ Verdere doelstelling van die studie was om vas te stel hoe Engelenburg as ŉ buitestander situasies kon opsom om ŉ beredeneerde mening uit te spreek en op die politiek van die dag kommentaar te lewer. Die Jameson-inval aan die einde van 1895 was ŉ keerpunt in die ZAR se politiek. Die inval het ook ŉ keerpunt gebring in verband met Engelenburg se idee van die Afrikaner. Die feit dat hy die Jameson-inval saam met die Transvalers kon meemaak, het hom ŉ beter begrip van die ZAR en sy mense gegee. Dit het hom ook aangespoor om twee erwe in Pretoria te koop waarop hy later ŉ huis wou bou. Weens die sterk gelade, nasionalistiese

atmosfeer wat ná die Jameson-inval geheers het, het die Transvalers en ook Engelenburg toenemend onder die indruk gekom dat hulle die magtige Brittanje die stryd kon aansê. Hulle het die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1) gewen; nou het hulle die Jameson-inval ook gestuit. Dit het by hulle ŉ valse bravade gekweek en hulle het geglo dat ŉ tweede vryheidsoorlog ŉ blote formaliteit sou wees.

Aan die hand van beskikbare bronne kon ek ŉ oorsig gee van Engelenburg se rol in Suid-Afrika gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), met besondere verwysing na die tydperk 1899 tot 1900. Reeds tydens die oorlog het Engelenburg ŉ geestelike transformasie ondergaan. Sy aanvanklike negatiewe gedagtes oor die Afrikaners het ŉ keerpunt bereik en hy het gedurende die oorlog nader aan die Afrikaners beweeg. Brittanje het toenemend ŉ houvas op die ZAR probeer kry en vandat goud aan die Witwatersrand ontdek is, het die Britse regering alles in sy vermoë gedoen om die Republiek in te palm. Die ZAR-regering het in 1899 feitlik geen ander keuse gehad nie as om ŉ ultimatum aan Brittanje te stel, onder andere om sy troepe aan die ZAR se grense te verwyder. Brittanje het nie daaraan gehoor gegee nie, met die gevolg dat oorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het. Tot op die laaste het Engelenburg gehoop dat ŉ oplossing gevind sou word, maar toe dit blyk dat oorlog onafwendbaar was, het hy hom voorberei om ook na die oorlogsfront te gaan. Die velduitgawe van Engelenburg se koerant het ŉ uitsonderlike diens aan die ZAR en die Republiek die Oranje-Vrystaat bewys deur die burgers op die hoogte te hou van wat op die verskillende fronte aangegaan het. Engelenburg se veelsydigheid en sy transnasionale identiteit het gedurende die oorlog goed te pas gekom om berigte na die buiteland te kommunikeer. Dit was ŉ groot voordeel vir die saak van die Boere in die stryd waarin hulle hulle bevind het. In vergelyking met die Britse beriggewing van die dag, waarin waarskynlik eensydig verslag gedoen is, was daar min inligting van Boerekant wat die buiteland gehaal het. Engelenburg het ŉ sleutelrol gespeel om aan die buitewêreld inligting deur te gee.

Ná ŉ paar maande op die slagveld het Engelenburg na Pretoria teruggekeer. Die oorlog ten spyt was hy optimisties oor sy eie toekoms en ook dié van die land. Sy besluit in 1900 om ŉ derde erf

aan te koop waarop hy later ŉ huis wou bou, dui daarop dat hy nie van plan was om na sy geboorteland, Nederland, terug te keer nie. Toe die Britte Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het, het hy by hulle toestemming verkry om na Europa te gaan. Hy sou eers ná die oorlog na die ZAR terugkeer.

Dit was moontlik om bronne op te spoor wat lig gewerp het op Engelenburg se werksaamhede in Europa tydens die Anglo-Boereoorlog. In die besonder is gegewens vir die tydperk 1900-1902 opgediep. Engelenburg het nie in Europa ŉ prominente rol gespeel nie, grootliks omdat hy veronderstel was om, volgens ooreenkoms met die Britse owerheid in Pretoria, hom eers in Londen te gaan aanmeld. Omdat hy besluit het om die Britte se opdrag te veronagsaam, moes hy ŉ lae profiel in Europa handhaaf. Daarom dat hy aan die begin ook nie na Brussel gegaan het om vir Leyds in die gesantskantoor by te staan nie. Die gevolg was dat hy tydens die oorlog ŉ randfiguur was, met alle aanduidings dat hy ŉ besonder hoë lewe gelei het. Hy het in Lissabon in een van die beste buurte gewoon en hom besig gehou met lees en skryfwerk. Engelenburg het wel veel gedoen om die ZAR se saak in Portugal en in die res van Europa te bevorder. Hy het as korrespondent vir die *Nieuw Rotterdammer Courant* opgetree en het deur middel van dié blad die Boere se saak gestel. Hy het ook die lot van die Boeregeïnterneerdes in Portugal help verlig en veral belanggestel in die welsyn van die kinders wat saam met hulle ouers aangehou is. ŉ Paar maande voor die einde van die oorlog het hy wel na Brussel gegaan om vir Leyds in te staan wanneer laasgenoemde uitstedig moes wees. Eers ŉ paar maande ná die vredesluiting kon Engelenburg daarin slaag om na sy aangenome vaderland, Suid-Afrika, terug te keer.

ŉ Verdere doelstelling van die studie was om vas te stel hoe Engelenburg *De Volksstem* ná die oorlog weer op dreef gekry het. Ook van belang was sy betrokkenheid by die plaaslike en landspolitiek tot en met Uniewording in 1910. Ná die Anglo-Boereoorlog was weinig meer dieselfde in Transvaal. Sowat 12% van die blanke bevolking het gesterf. Verwoeste plase, verbrande huise en verwaarloosde grond het hulle tol geëis. Die onafhanklike ZAR was tot niet en in sy plek was die Britse regering aan bewind. Transvaal was nou ŉ kolonie van Brittanje.

Engelenburg moes die *Volksstem*-gebou, wat hy in 1898 met trots gebou het, teen vergoeding aan die Engelse bewind afstaan. Hy was dus genoodsaak om inderhaas ŉ nuwe gebou vir die koerant en drukkery te vind. *De Volksstem* moes van voor af opgebou en ŉ leserspubliek daarvoor gevestig word, wat Engelenburg dan ook in ŉ kort tyd kon regkry. Ná die oorlog het ŉ politieke ontwaking onder die Afrikaner-gemeenskap posgevat. Generaals Louis Botha en Jan Smuts het ŉ mondstuk gesoek om hulle politieke veldtogte te steun. Hulle het ŉ meerderheid van die aandele in *De Volksstem* bekom met geld wat dr. Leyds namens die ou ZAR-regering in veilige bewaring in Europa gehou het. Die een *s* in *De Volksstem* is daarna weggelaat en die koerant het in 1905 bekend geword as *De Volkstem.* Die twee generaals se betrokkenheid by die koerant moes streng geheim gehou word, sowel as die bron waaruit die aandele betaal is. Indien die Britse regering van die transaksie te hore sou kom, sou die regering die aandele van Botha en Smuts waarskynlik gekonfiskeer het omdat die Britse bewindhebbers geglo het dat alle gelde van die ou ZAR-regering Britse eiendom was. Die gevolg was dat die aandele van die generaals op naam van Engelenburg, Izaak Wallach en sy broer Charles geregistreer is. Die aandele is jarelank in die kantore van die Nederlandsche Bank in Pretoria versteek. As mondstuk van die Het Volk-party en, ná Uniewording, van die Suid-Afrikaanse Party, het generaals Botha en Smuts voortaan die rigting van *De Volkstem* bepaal. Engelenburg het aangebly as hoofredakteur van die koerant.

Engelenburg het reeds voor die ABO waardevolle werk in die ZAR verrig om deur middel van *De Volksstem* die Afrikaner-gemeenskap se gesindheid ten opsigte van gemeenskaplike sake, byvoorbeeld die skoolopleiding van hulle kinders, positief te beïnvloed. Die tydvak 1902 tot 1930 was van groot belang met betrekking tot die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme, wat daarop gerig was om so volledig en so spoedig moontlik die sosiaal-ekonomiese agterstand in te haal wat die Afrikaners ná die ABO teenoor hulle Engelstalige landgenote gehad het. Toe Alfred Milner ná die oorlog die skoolgeboue tot staatseiendom verklaar en Nederlands uit die skole verban het, was Engelenburg betrokke by die vestiging van CNO-skole vir die Afrikaner-kinders. Naas die onderwys en die ekonomiese voortuitgang het die kultuur hom na aan die hart gelê. Weens allerlei omstandighede was die kultuur van die Afrikaner in Transvaal nie goed ontwikkel nie. Veral ná die oorlog het Engelenburg vanuit sy Nederlandse agtergrond ŉ groot rol gespeel

om die Afrikaner ŉ eie kultuur te help vestig. In die proses het hy deel geword van daardie kultuur.

Die groeiende besef onder Afrikaners dat hulle ŉ eie kulturele identiteit moes hê, het tot uiting gekom in die verdringing van Nederlands deur Afrikaans, naas Engels, as amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika. Engelenburg het vroeg reeds tot die besef gekom dat Afrikaans naas Engels die taal van die toekoms was en nie Nederlands nie. Hy het gevolglik ŉ voorvegter vir Afrikaans geword en het deur die jare veel gedoen om die Afrikaanse taal te ontwikkel, asook om die Afrikaanse literatuur uit te bou. Tot sy dood was hy betrokke by die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur en het male sonder tal die werk van skrywers gelees en hulle van raad bedien voor dit gepubliseer is. Sy eie latere literêre werke sou hy in Afrikaans lewer. Engelenburg was ook reeds van kort ná sy aankoms in 1889 af betrokke by die vestiging van ŉ leeskultuur onder die Afrikaanssprekende gemeenskap. Engelenburg kon egter nooit opgewonde raak oor die rolprentbedryf nie. Hy was nog onbewus van die omvangryke rol wat hierdie kommunikasiegenre in die toekoms sou speel. Hy was duidelik ook nog blind vir die kunswaarde van film.

Deur middel van beskikbare bronne is vasgestel hoe Engelenburg ná Uniewording geleidelik waardering vir die Britse kultuur gekry het. Hy het hom terselfdertyd steeds ook geroepe gevoel om deur sy betrokkenheid by verskeie kommissies en komitees ŉ eie kultuur vir die Afrikaanssprekende gemeenskap te help ontwikkel. Engelenburg was stigterslid en jarelank ŉ raadslid van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst en ook vir twee afsonderlike termyne voorsitter. Die notules van die Akademieraad en van die algemene jaarvergaderings van 1909 tot 1932 (die jare waarin Engelenburg aktief aan die Akademie se werksaamhede deelgeneem het) weerspieël baie duidelik die rol wat hy gespeel het om die Akademie op ŉ stewige fondament te plaas en uit te bou. Deur sy volgehoue arbeid het hy in die beginjare van die Akademie se bestaan veel gedoen om die organisasie van die grond te kry en in werkende orde te bring. Sy aandag aan die Akademie het vrugte afgewerp en met die verkryging

van regspersoonlikheid in 1924 was die Akademie in ŉ veel beter posisie as voorheen. Sy onvermoeide ywer het grootliks gelei tot die organisasie wat dit vandag is en kan beskou word as ŉ lewende monument vir sy werk.

In vele opsigte was Engelenburg sy tyd ver vooruit. Hy het sy kragte wyd ingespan om Suid-Afrika in sy geheel tot ŉ eerstewêreldland te help ontwikkel. Sy versiendheid was alles gemik op die verbetering van bestaande stelsels of, waar geen stelsel bestaan het nie, op die totstandbrenging daarvan. Hy het byvoorbeeld merkwaardige voorstelle gemaak in verband met rampbestuur vir Pretoria. Hy was ook van die eerste pioniers van burgerlike lugvaart in Suid-Afrika. Hoewel hy nooit self gevlieg het nie, het hy geen steen onaangeroer gelaat om die lugvaart te bevorder nie. Sy volgehoue werksaamhede om ŉ burgerlike lugvaartvereniging tot stand te bring, het later jare vrugte afgewerp toe lugvaart so ontwikkel het dat ŉ kommersiële lugdiens ingestel is. Ook wat die argitektuur betref, het Engelenburg in samewerking met Herbert Baker ŉ reusebydrae gelewer om ŉ inheemse argitektuur in Transvaal te ontwikkel. Die uitleg van Kerkplein in Pretoria soos dit tans nog daar uitsien, is grootliks deur Engelenburg se toedoen.

Toe die eerste munte weer van 1923 in Suid-Afrika geslaan is, het Engelenburg waardevolle wenke gegee in verband met die ontwerp daarvan, waarvan sommige tot jare ná sy dood steeds in gebruik was, byvoorbeeld die protea wat vir dekades ná sy dood steeds op muntstukke gedruk is. Die feit dat Engelenburg gevra is om die ontwerpe van nuwe munte te beoordeel en daaroor kommentaar te lewer, is duidelik ŉ voorbeeld van die soort gesag wat hy in die kulturele en politieke lewe van Suid-Afrika gespeel het. Hy het ook reeds in 1922 die moontlikheid voorspel dat ŉ desimale stelsel in Suid-Afrika ingevoer sou word, wat 39 jaar later gebeur het.

Engelenburg verdien ook erkenning vir die feit dat hy die waarde van Leo Frobenius se argeologiese werk ingesien het. Die feit dat Frobenius ŉ Duitser was, kon ook ŉ rol gespeel het

in die Suid-Afrikaanse regering se trae houding om fondse beskikbaar te stel. Duitsland was, namate die moontlikheid van ŉ tweede wêreldoorlog al hoe groter geword het, nie gewild nie, veral nie by die Verenigde Party nie. Frobenius se interpretasie van die Afrika-kultuur het waarskynlik ook nie ingang gevind by die meeste Afrikaner-leiers nie. Deur Engelenburg se toedoen kon Frobenius vir ŉ aansienlike tydperk sy navorsing in Afrika voortsit.

Sy belangstelling in ander kulture is veral ná die Eerste Wêreldoorlog geprikkel. Sy beskrywing van die kultuur in Bombaai toon ook dat hy ŉ buitengewone vermoë gehad het om kultuur in die vreemde in woorde saam te vat en akkuraat te beskryf. Hy het dit reeds in die Republikeinse en Botha-Smuts-bewind aangeleer om onderskeidelik Kruger en die twee generaals in te lig oor wat in hulle land aangaan. Hy het vir dié mense geskryf, veral ook die mense in die Kaap, wat intens by die politiek van die dag betrokke was en wat berigte oor Indië en die kultuurervaring wat hy deurgemaak het, sou kon waardeer. Engelenburg het ná die Eerste Wêreldoorlog meer tyd in Brittanje deurgebring en sy waardering vir die Britse kultuur het toegeneem.

In generaal Louis Botha het die Afrikaner-gemeenskap ŉ leier gevind en hulle het hulle grootste hoop op hom gevestig om selfregering vir Transvaal te beding, wat dan ook einde 1906 gebeur het. Botha was ook die hoofpersoon in Transvaal wat saam met die leiers van die ander kolonies gewerk het vir ŉ verenigde Suid-Afrika onder een vlag. Dit wat Rhodes reeds in die laaste dekade van die negentiende eeu met geweld wou laat gebeur, het nou op ŉ natuurlike wyse tot stand gekom omdat algemeen aanvaar is dat dit die enigste manier kon wees waarop vrede en voorspoed in die land verseker kon word. Die Unie van Suid-Afrika het in 1910 ŉ werklikheid geword.

Die eerste paar jaar ná Uniewording was ŉ tydperk van groot politieke onrus in Suid-Afrika. Die mynwerkerstaking op die Witwatersrand is gevolg deur Hertzog se wegbreek van die Suid-Afrikaanse Party. Dit was ŉ tyd van stormagtige partyvorming. Ontevredenheid met betrekking

tot stemreg vir swartmense het regstreeks gelei tot die stigting in 1912 van die South African Native National Congress, wat vanaf 1923 as die African National Congress (ANC) bekendgestaan het. ʼn Aansienlike groep uit Afrikanergeledere was gekant teen die beleid van die Suid-Afrikaanse Party, wat daarna gestreef het om Afrikaners en Engelse saam te snoer. Die skeuring in die Suid-Afrikaanse Party het daartoe gelei dat Hertzog in Januarie 1914 die Nasionale Party gestig het. Hertzog wou ʼn tweestroombeleid volg en het Suid-Afrika eerste gestel, terwyl die twee Boeregeneraals, Botha en Smuts, aan Britse kant was en gemeen het dat Suid-Afrika ondergeskik aan die Britse regering moes wees. Dit was een te veel vir ʼn groot gedeelte van die Afrikanerbevolking, wat Brittanje steeds verwyt het vir die sterftes en ellende wat die Anglo-Boereoorlog meegebring het.

Baie mense het die Suid-Afrikaanse Party verlaat en by die Nasionale Party aangesluit. Al drie partye, naamlik die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party en die ANC sou in verskillende stadiums van die geskiedenis van Suid-Afrika ʼn oorheersende rol op die politieke landskap speel. Hoewel Engelenburg in sekere opsigte pro-Hertzog was, veral wat die bevordering van Afrikaans betref, het Engelenburg Louis Botha en die SAP-party ondersteun. Botha en Smuts het, soos reeds genoem, die meerderheidsaandele in *De Volkstem* gehad en hulle het van Engelenburg verwag om die Suid-Afrikaanse Party se beleid te bevorder. Engelenburg het die twee generaals se politieke belange deurgaans in *De Volkstem* bevorder, hoewel hy nie altyd met hulle werkwyse saamgestem het nie. Engelenburg het gedurende sy hele joernalistieke loopbaan hom nooit prominent op die politieke terrein begewe nie en het hom bo die partypolitiek probeer stel. Sy hoofdoelwit was om as politieke kommentator op te tree. In sekere mate was hy ʼn politieke ontleder wat die politieke situasie in die land dopgehou en sy gevolgtrekkinge in *De Volkstem* weergegee het.

In die studie word uiteengesit hoe *De Volkstem* tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) oorleef het en wat Engelenburg tydens die oorlog in Europa gaan doen het. Ook is inligting ontsluit oor sy betrokkenheid by die vredesonderhandelinge in Versailles in 1919. Die Eerste

Wêreldoorlog het ook in Suid-Afrika ŉ negatiewe uitwerking gehad. Dit het die verdeeldheid wat sedert die Anglo-Boereoorlog onder die Afrikaners ontstaan het, vergroot en het uitgeloop op die Rebellie, waarin Afrikaner teen Afrikaner te staan gekom het. Ook *De Volkstem* het nie gedurende die oorlog ongeskonde daarvan afgekom nie en moes ŉ paar keer onder geweld deurloop omdat sommige inwoners verkeerdelik gedink het dat dit ŉ Duitse maatskappy was. Vier maande voor die beëindiging van die oorlog het Engelenburg na Europa vertrek en eers ŉ jaar later teruggekeer. Hoofsaaklik wou hy eerstehands in Brittanje en in Europa gaan waarneem wat daar gebeur. Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Europa was Engelenburg ŉ bekende figuur wat respek afgedwing het. Ná die wapenstilstand op 11 November 1918 het hy ingestem om Louis Botha, wat toe die eerste minister van Suid-Afrika was, tydens die vredesonderhandelinge, wat op 18 Januarie 1919 in Versailles, Frankryk, begin het, by te staan – as tolk, maar ook as raadgewer. Nadat die Vredesverdrag van Versailles op 28 Junie 1919 onderteken is, het Engelenburg en Botha na Suid-Afrika teruggekeer. Op politieke gebied het Engelenburg se hulp en ondersteuning deur die jare baie vir Botha beteken. Botha kon Engelenburg met alles vertrou en hulle professionele omgang met mekaar het later ontwikkel tot ŉ innige vriendskap. Botha se dood op 27 Augustus 1919 was ŉ groot slag vir die land, maar ook vir Engelenburg, wat ŉ goeie vriend verloor het.

Engelenburg was deur die jare nie suksesvol in sy verhoudings met vroue nie. Sy behoefte aan ŉ vrou was eerder om iemand te kry wat sy huishouding kon waarneem en as gasvrou kon optree wanneer hy vriende onthaal het. Nie een van die twee vroue, Lorraine Powell en die Portugese vrou Judith Fernandez, was tevrede met so ŉ situasie nie. Sy voortdurende uithuisigheid het veroorsaak dat Lorraine hom verlaat en later met ŉ ander man getrou het. Judith se eensaamheid toe sy by Engelenburg gewoon het, het haar drankprobleem net vererger. Toe sy ná behandeling by ŉ sanatorium in die Kaap nie haar probleem kon oorkom nie, het Engelenburg haar na haar familie in Portugal gestuur. Judith was skaars terug na haar land, toe Lorraine weer in ŉ verhouding met Engelenburg betrokke geraak het. Engelenburg se besluit om in 1924 met sy jarelange vriendin Lorraine te trou het deels meegebring dat hy die tuig as hoofredakteur van *De Volkstem* neergelê het. Sy en Lorraine se besoek aan Europa in 1923, ŉ jaar voor hulle troue, het

duidelik Engelenburg se kosmopolitiese eienskappe geopenbaar. Die feit dat die inhoud van sy huis van vroeg reeds van ʼn kosmopolitiese smaak getuig, verhoog die moontlikheid dat hy daardie ingesteldheid al die jare gehad het. Dit het eers in die twintigerjare van die twintigste eeu – gekenmerk deur die werkerstaking op die Randse myne in 1922, die opkoms van ʼn stedelike werkerstand van Afrikaners en die naoorlogse ekonomiese depressie en swaarkry in Suid-Afrika – duidelik begin uitstaan. Sy verblyf in die deftigste hotelle in Suid-Afrika en in die buiteland dui daarop dat Engelenburg gewoond was om ʼn hoë lewe te lei. Hy het ná die Eerste Wêreldoorlog duidelik die Engelse leefstyl bo dié van Nederland verkies, vandaar dat hy byvoorbeeld met ʼn Engelse dame getrou het.

Engelenburg se besoek aan die buiteland in 1923 kan in vele opsigte gesien word as sy laaste optrede as regeringsverteenwoordiger in daardie geweste. Deur ʼn hoë profiel te handhaaf, het hy moontlik probeer om daardeur die beeld van die regerende party, toe nog die Suid-Afrikaanse Party, te versterk. Sy optrede namens die Unie-regering by koningin Wilhelmina van Nederland se 25-jarige jubileum in 1923 spreek van ʼn verlenging van sy politieke ingesteldheid en die respek wat hy in die regering van Smuts geniet het.

Uit die bronne was dit moontlik om vas te stel hoe die problematiek van die Suid-Afrikaanse politiek *De Volkstem* geraak het, asook die redes waarom Engelenburg as hoofredakteur van *De Volkstem* uitgetree het. Die feit dat Engelenburg in 1924 neutraal teenoor die politiek begin staan het, was grootliks ʼn diplomatieke skuif. Hy wou hom polities en as joernalis so posisioneer dat hy nie regstreeks die slagoffer van regeringsverandering sou word nie. Dit was in die tydperk wat die Nasionale en die Arbeiderparty, wat ʼn bondgenootskap bekend as die "Pakt" gesluit het, aan bewind gekom het. Reeds voor die 1924-verkiesing was dit duidelik dat die Smuts-regering in die moeilikheid was. Teen 1924 het Engelenburg se politieke ingesteldheid teenoor die Suid-Afrikaanse Party verander. Hy het waarskynlik toe al besef dat *De Volkstem* uit pas was met die samelewing se politieke voorkeure. Engelenburg het homself op die era van politieke duisternis begin voorberei. Die feit dat sy hart nie meer in die koerant was nie, het dit vir hom makliker

gemaak om in 1924 as hoofredakteur van *De Volkstem* uit te tree. Dit was egter nie so maklik vir Smuts nie. Tot in die 1930's, met die Smeltersregering wat onder die Verenigde Party in die jare 30 tot stand gekom het, sou Engelenburg op die randgebied van die politieke dinamiek van die land wees. Sy besluit om as hoofredakteur uit te tree het baie vrae laat ontstaan oor die opvolger, Gustav Preller. Laasgenoemde se simpatie het by die Nasionale Party gelê, terwyl *De Volkstem* mondstuk vir die Suid-Afrikaanse Party was. Preller het tydens sy redakteurskap by *De Volkstem* nie die belange van die Suid-Afrikaanse Party voorop gestel nie. Die gevolg was dat die ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party nie meer oortuig was dat die koerant hulle partybelange beskerm het nie. Geleidelik het die koerant agteruit gegaan. Engelenburg se pogings om die *De Volkstem* se aandele by Smuts te koop het telkens misluk. Waarskynlik het hy geredeneer dat indien hy weer in volle beheer van die koerant kon kom, hy sy eie beleid kon bepaal.

Weens die sameloop van omstandighede het *De Volkstem* ná 1924 agteruit begin gaan. Uit die beskikbare bronne kon ek vasstel watter faktore daartoe gelei het, asook hoe Engelenburg se persoonlike lewe daardeur geraak is. Baie mense wat tradisioneel deel van die Suid-Afrikaanse Party was, en dus lesers van *De Volkstem*, het al van 1921 af begin oorloop na die Nasionale Party. Die feit dat generaal Smuts die Unioniste in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party opgeneem het, het in effek beteken dat Smuts en 'n groep Afrikaners hulle met die imperialistiese doelstellings van die oud-Unioniste vereenselwig het. Dit het die finale breuk in Afrikanergeledere tot gevolg gehad. *De Volkstem*, en daarmee saam ook Engelenburg, het in die politieke wildernis beland. Ofskoon hy steeds aansien in kultuurkringe geniet het, was sy statuur ná die oorlog geregistreer in die dampkring van die Angel-Saksiese kringe waarin hy beweeg het. Saam met Lorraine en net soos Leipoldt het hy in die Engelse kulturele hoofstroom van Suid-Afrika opgegaan. Hy het ook in die styl van sy nuwe "vriende" in Brittanje begin leef, vandaar dan ook dat hy sy pakke klere in Londen laat maak het. Hy het geleidelik 'n wêreldburger geword en was veral ná die Eerste Wêreldoorlog tuis in Brittanje, Suid-Afrika, Nederland en die res van Europa.

Engelenburg se biografie oor generaal Louis Botha, wat in 1928 gepubliseer is, is geskryf om onduidelikhede en wanopvattinge oor Botha se politieke beleid op te los. Hy het in 1924 ook ŉ boek oor president Kruger geskryf. Deur oor hierdie twee figure te skryf, wou hy Afrikaners weer bewus maak van hulle leiers. Waarskynlik het hy geredeneer dat die eertydse ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party daardeur weer na dié party sou terugkeer, en dat hulle weer lesers van *De Volkstem* sou word. Die ironie was dat Afrikaners begin het om die geskiedenis van die ou Republiek agter hulle te plaas en ŉ nasionalistiese rigting in te slaan. Die biografie, waarin Botha se politieke insigte verduidelik is, kon dus nie verhoed dat die Suid-Afrikaanse Party die 1929-verkiesing weer verloor het nie.

ŉ Historiese waardebepaling is ook gemaak van die lotgevalle van die koerant en Engelenburg se laaste jare. Ten spyte van rampe en terugslae wat Engelenburg van 1925 tot 1931 getref het, het hy moedig met sy werk voortgegaan. Die probleme wat *De Volkstem* van 1925 af ondervind het – eers met die bedanking van Preller en boonop nog ŉ wêreldwye ekonomiese depressie, wat in 1928 begin het – was teen 1931 nog nie opgelos nie. Engelenburg het nie meer die krag gehad om die koerant weer tot ŉ winsgewende besigheid op te bou nie. Hy het in 1931 finaal as hoofredakteur van die koerant uitgetree. Sy vrou was bedlêend en hy moes al sy aandag aan haar gee. Hy het die leisels aan ŉ paar betroubare persone oorgegee, maar ook hulle kon nie daarin slaag om die koerant weer as ŉ florerende besigheid te bedryf nie.

In Januarie 1927 is *De Volkstem* se naam verander na *Die Volkstem.* Van al die redes wat aangevoer is waarom *Die Volkstem* uiteindelik sy deure gesluit het, was die redes wat die hoofredakteur van *Die Burger*, Piet Cillié, in 1950 aangevoer het, waarskynlik die naaste aan reg. Hy het tot die slotsom gekom dat *Die Volkstem* aan die einde van ŉ pad gekom het wat hom al hoe verder weggevoer het van sy oorspronklike kragbron, "die hart van die Afrikanervolk". Uit politieke oorwegings het *Die Volkstem*, soos die Suid-Afrikaanse Party, koud en later vyandig gestaan teenoor die Afrikaans-nasionale beweging. Die vriende van Afrikaans het hom gelos ten

gunste van ander Afrikaanse koerante en die vriende van sy politiek het hom gelos ten gunste van die Engelse pers, waar hulle dieselfde koudheid en vyandigheid teenoor die Afrikaanse beweging gevind het, maar in ŉ meer bevredigende koeranttegniek. Dr. Leyds het reeds in 1931 die vraag aan Engelenburg gevra toe hy van die moontlike sluiting van *Die Volkstem* gehoor het. Hy kon dit nie verstaan nie. As *Die Volkstem* nie meer kon bestaan nie, hoe kon die ander Afrikaanse koerante dit regkry om te bly bestaan? Hy het gevra of die probleem nie gelê het by die politieke rigting wat *Die Volkstem* gevolg het nie.

Engelenburg het dalk diep in sy hart geweet dat dit wel die rede was vir die afname in leserstal. Omdat hy sedert 1905 ŉ minderheidsaandeel in die koerant gehad het, was hy magteloos om ŉ beleidsverandering aan te bring ten einde weer nader aan die harte van die volk te kom. Sy en Izaak Wallach se talle pogings om die Smuts-Botha-aandele ná Botha se dood aan te koop, het telkens misluk. Waarskynlik het hy besef dat indien hy en Wallach weer beheer oor die koerant kon neem, hulle met ŉ beleidsverandering die koerant weer op koers sou kon kry. Die Groot Depressie en Gustav Preller se optrede in 1925 met sy bedanking by die koerant was maar deel van die oorsake wat tot die stadige dood van *Die Volkstem* gelei het. Teen 1931 was Engelenburg oud en het hy nie meer die krag gehad om iets aan die saak te doen nie. Al die terugslae wat hy met die koerant beleef het, en daarby nog die dood van sy vrou in 1932, het uiteindelik sy tol geëis en kort ná Lorraine se dood het hy ŉ beroerteaanval gekry. Hy het nooit heeltemal daarvan herstel nie en het hom aan die openbare lewe onttrek. Die laaste jare van sy lewe het hy stil in sy huis deurgebring – omring deur sy boeke en intiemste vriende. Sy dood in 1938 het ŉ groot leemte in Suid-Afrika, maar veral in Pretoria, gelaat. Dertien jaar ná sy dood, in 1951, het *Die Volkstem*-koerant sy deure finaal gesluit.